

9 FEBRUARIE 2020



# 3iG

'n saam-glo dissipelskap gesprek

nouts  
praktiese wysheid...

## saam bid

Ons vind nie tyd vir gebed nie, ons maak dit.

B.I.D. staan vir:

B: Bely teenoor God Wie Hy vir jou is en bely ook jou gesukkel vir Hom.

I: Intree vir ander (bv. Jou 3iG-lede, jou familie, wêreld, ens.).

D: Dankie-sê, maak daagliks jou dankie-lys en dank God daarvoor.

LEWENS-LEUSE: Bely elke oggend en aand 1 Kor. 9:23 se waarheid:

<sup>23</sup>"Dit alles doen ek ter wille van die evangelie, sodat ek aan die vrug daarvan deel kan hê."

## saam groei

Ons lees nie die Bybel nie, ons laat die Bybel ons lees.

Die Paulus wat ons in Korinte raakloop, is 'n veranderde man, so sê baie geleerdes. Kort tevore in Atene het hy vol vertroue, skynbaar ongestoord op die Areopagus die evangelie voor 'n skare geleerdes uitgespel (Hand. 17). Hy durf hulle op hulle vlak aan. Hy redeneer behendig. Daar kom selfs 'n paar mense tot geloof (Hand. 17:34), maar daar is ook diegene wat hom uitlag (Hand. 17:32). Na sy mislukking in Atene is Paulus Korinte toe (Hand. 18). In Korinte – so wil dit voorkom – het daar iets gebeur, want die Paulus wat ons in Korinte ontmoet, is iemand wat pynlik van sy swakheid bewus is, bang en huiwerig om vorentoe te kom om te praat (1 Kor. 2:3). Dit lyk glad nie na dieselfde man as die een wat in Atene vol selfvertroue op die Areopagus gestaan het nie – wat nog te praat van hoë woorde en groot geleerdheid (1 Kor. 2:1). Inderdaad lees ons in Hand. 18 dat Paulus sonder sukses ook in Korinte die Jode en die Grieke probeer oortuig het deur met hulle te redeneer (Hand. 18:4-5). Lees nou 1 Kor. 2:1-16.

## saam gesels

Jesus ver wag van ons minder nastaar (admiration) en meer naleef (imitation).

1. Vertel vir mekaar van oomblikke dat die Here juis in jou broosheid en swakheid jou deur sy Gees gebruik het. Waag dit ook om te vertel van oomblikke van selfvertroue en selfvoldaanheid wat toe nie die gewenste uitwerking gehad het nie.

2. Lees Hand. 18:8-11 en verwoord vir mekaar wat die groot verskil gemaak het in Paulus se optrede in Korinte. Dink ook na oor die betekenis daarvan vir julle as Jesus-volgeling.
3. Gestroop van sy Ateense selfversekerdheid het Paulus hom voorgeneem om oor niks anders te praat nie as oor Jesus as die Christus en wel oor Hom as die gekruisigde (1 Kor. 2:2). Paulus was slegs die mondstuk, die sender vir die kragtige werking van die Heilige Gees, wat mense van die waarheid van die evangelie oortuig (1 Kor. 2:4). Beoordeel julle dienswerk en getuienis as volgeling van Jesus of dit in die kragveld van die Heilige Gees afspeel of dit deur julle eie krag gedryf word.
4. Ons sou met reg kon sê dat Paulus se lewe het begin preek. Hoe kan Jesus-volgeling se lewens vandag ook preek?
5. Die groot geheim wat God ons aan die kruis kom vertel het, is dat Hy ons meer wil gee as wat ons ooit kan droom of begeer. Hy het besluit om ons die ewige heerlikheid te gee (1 Kor. 2:7). Watter invloed het hierdie verwagte "ewige heerlikheid" op die manier waarop Jesus-volgeling vandag leef?

## saam stap

Eers vorm ons gewoontes en dan vorm die gewoontes ons.

Geloofsgewoonte: **Om dankbaar te leef.** Met hierdie geloofsgewoonte leer ons om ons te verlustig in God se oorvloedige, onverdiende goedheid, sy milde voorsiening, werksaamheid en sy teenwoordigheid en nabyheid in ons lewe. Lees hieroor Ps. 136:1-2; 1 Thess. 5:16-18 en Fil. 4:6.

Doen-dinge:

1. Begin om 'n "dankbaarheidsjoernaal" by te hou van al die gewes wat die Here aan jou geskenk het.
2. Probeer aan die einde van elke dag ten minste een ding te noem waarvoor julle God wil dank en verwoord dan wat dit vir jou beteken het.
3. Skryf 'n "dankie-brief" vir iemand wat in die afgelope week, maand of jaar vir jou baie beteken het.
4. Dink terug aan 'n tyd van swaarkry en hoedat daar tog tekens van God se teenwoordigheid was om Hom voor te dank.

Dink-dinge:

1. Dink aan iemand wat 'n dankbare lewenshouding het. Hoe het daardie persoon jou lewe en uitkyk op die lewe beïnvloed?
2. Stel vas of jy nie dalk verslaaf daaraan is om ander te analiseer, kritiseer en 'n negatiewe houding te openbaar nie? Hoe kan dankbaarheid jou help om 'n kritiese gees te demp?

### 3 STAPPE

'n 3iG-groep is 'n saam-glo groep wat deur bid, groei en dien Jesus dieper volg. Drie mense wat kies om saam te bid, saam te luister en saam ons geloof te leef.

### 2 ANDER

Dit is slegs ek en 2 vriende wat 'n spontane groep vorm. Dit kan egter ook uit meer as drie mense wees: ons familie of vriende of kollegas of mense in die gemeente.

### 1 GESREK

Ons maak weekliks met mekaar kontak (deur 'n koffie-afspraak of telefonies) rondom die gefokusde saam-gesels van die week. Die leier – wat elke week wissel – sorg dat ons mekaar daardie week sien.